HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG

BELEID

KULTUUR

2024

Inhoudsopgawe

1 INSTANSIES WAT ERKEN WORD: 3

2 KULTUURVLAK: 3

2.1 Binne skoolverband (Interne kulturele aktiwiteite): 3

2.2 Buite skoolverband: 4

3 KRITERIA VAN TOEKENNINGS: 4

3.1 BINNE KULTUUR: 4

3.1.1 DEELNAME SERTIFIKATE 4

3.1.2 TOEKENNINGS: 5

3.2 BUITEKULTUUR: 7

3.3 LYS VAN TROFEË: 7

4 Wysiging van beleid 10

1 INSTANSIES WAT ERKEN WORD:

‘n Instansie word slegs binne skoolverband erken MITS die skool amptelik daarmee geaffilieer is. Enige Kultuuraktiwiteit waarby die skool NIE geaffilieer is NIE word dus as buite-kultureel erken. Afrigters van die verskeie kultuuraktiwiteite mag ‘n leerder onder daardie instansie inskryf, mits die leerder steeds as ambassadeur van Hoër Volkskool Heidelberg sal optree.

2 KULTUURVLAK:

2.1 Binne skoolverband (Interne kulturele aktiwiteite):

- Deelname aan eisteddfods word erken as interne kulturele aktiwiteite, maar voorkeur word gegee aan twee plaaslike eisteddfods nl. Heidelberg Eisteddfod en Suikerbosrand Eisteddfod.
- Slegs DRIE Eisteddfods word in aanmerking geneem by die bepaling van toekennings – bogenoemde twee eisteddfods en ENIGE EEN ander eisteddfod as eie keuse. Ons vereis dat ‘n eisteddfod gebruik moet maak van beoordelaars wat by die Raad van Afrikaanse Beoordelaars geregestreer is, of ‘n gepaste kwalifikasie (‘n Graad of diploma in dans, dramatiese kunste, musiek of te wel BMus, visuele kunste, BA Tale). Hierdie vereiste sal amptelik met ingang 2023 in werking tree. Verder moet ‘n eisteddfod volhoubaar wees en reeds langer as vyf jaar bestaan.
- ENIGE ATKV-geassosieerde kompetisie.
- Verder word kultuuraktiwiteite slegs binne skoolverband erken indien die skool by die instansie geaffilieer is.
- As lid van die skoolkoor, die Orpheumkoor, sal deelname punte oor ‘n tydperk van vyf jaar ononderbroke geakumuleer word. ‘n Deelname sertifikaat sal jaarliks toegeken word vir getroue bywoning. Na ‘n tydperk van vyf jaar sal ‘n leerder in aanmerking kom vir ‘n Buitengewone Meriete sertifikaat.
- Deelname aan revue vind slegs een keer in drie jaar plaas en deelname punte sal dus daarvolgens toegeken word. Indien ‘n leerder die geleentheid kry om meer as een keer deel te neem sal die punte akumuleer.
- As lid van die skoolredaksie, sal deelname punte oor ‘n tydperk van vyf jaar geakumuleer word. ‘n Deelname sertifikaat sal jaarliks toegeken word vir getroue deelname. Na ‘n tydperk van vyf jaar sal ‘n leerder in aanmerking kom vir ‘n Buitengewone Meriete sertifikaat. Die verskeie portefeuljes sal ook die bepunting affekteer.
- Interne uitdunne vir Skool Redenaars dien as siftingsproses vir inskrywings vir ATKV redenaars en ‘n deelname punt sal daarvolgens toegeken word. Daarna sal bepunting geskied volgens streeksuitdunne en landswye deelname.

- Radikale redenaars en Op-die-tong-af word wel intern erken.
- Die Internasionale Afrikaanse Expo (FAK).

2.2 Buite skoolverband:

- Streekkore, jeugkore, kinderkore, jeugorkeste, streeksorkeste ens. (Bv. Oosrandse Jeugkoor, Cola Vocé, Simphonia Juventé.) word as buite kultureel erken. Dit word egter slegs erken indien ‘n leerder ‘n lid van die Orpheumkoor is. (Interne skoolkoor).
- Streeks of landswye kompetisies waarmee die skool NIE geaffilieer is nie. (Bv. Beyond 2000, Talent Africa, SATCH, Afrikaanse Expo, NEA – National Eisteddfod Acadamy, SACOPA – South African Championships of Performing Arts, Open Window, UNISA, TRINITY, ABRSM, DASA, Open Window en AFDA.
- Indien ‘n instansie nie gelys is nie sal dit deur die kultuurkommittee en skoolbestuur onder oorweging gebring word volgens die instansie se kriteria.

3 KRITERIA VAN TOEKENNINGS:

Soos bo genoem word toekennings in twee kategorieë verdeel nl. BINNE KULTUUR en BUITEKULTUUR. Hierdie afdelings word afsonderlik bepunt volgens die instansies waaraan ‘n leerder deelgeneem het.

Deelname punte word toegeken volgens die puntetabel in Bylaag B.

Let wel: Deelname punte is akumulerend oor ‘n tydperk van vyf jaar om in aanmerking te kom vir Erekleure en hoër. Indien ‘n leerder egter die bepaalde hoeveelheid punte binne sy/haar eerste jaar reeds bereik kan hulle reeds in aanmerking kom vir Erekleure.

Die vereiste vir ‘n leerder om te kwalifiseer vir ‘n trofee is dat die leerder ‘n gemiddelde persentasie volgens die punteskaal van bo 80 moet hê.

‘n Erepenning kan eers in graad 12 bereik word aangesien hierdie ‘n toekenning van hoë Prestige is. Die skoolbestuur sal oor hierdie toekenning besin voordat dit uitgegee word.

3.1 BINNE KULTUUR:

3.1.1 DEELNAME SERTIFIKATE

Groen Sertifikaat:

Om in aanmerking te kom vir ‘n groen sertifikaat moet ‘n leerder deelname punte in enige **binne kulturele aktiwiteit** bereik van tussen 50 en 74.

Goue Sertifikaat:

Om in aanmerking te kom vir ‘n goue sertifikaat moet ‘n leerder deelname punte in enige **binne kulturele aktiwiteit** bereik van tussen 75 - 99.

3.1.2 TOEKENNINGS:

Balkie (Groen, binne kultuur):

Om in aanmerking te kom vir ‘n groen balkie moet ‘n leerder deelname punte in enige **binne kulturele aktiwiteit** bereik van tussen 100 en 199.

**Streekswenners sal outomaties kwalifiseer vir ‘n balkie. (100 punte)*

Prestasie kleure (Silwer):

Om in aanmerking te kom vir prestasie kleure moet ‘n leerder deelname punte in enige **binne kulturele aktiwiteit** bereik van tussen 200 - 499.

**Profinsiale wenners sal outomaties kwalifiseer vir prestasie kleure (200 punte)*

Erekleure (Goud):

Om in aanmerking te kom vir erekleure moet ‘n leerder deelname punte in enige **binne kulturele aktiwiteit** bereik van 500 en hoër.

**Nasionale wenners sal outomaties kwalifiseer vir erekleure (500 punte)*

Erepenning (Geraamde Sertifikaat):

‘n Erepenning word slegs toegeken in buitengewone prestasies. ‘n Leerder moet dus as ‘n ambasadeur van Hoër Volkskool gesien kan word. Hierdie toekenning sal slegs deur besinning deur die skoolbestuur toegeken word.

Oorkonde:

‘n Oorkonde word slegs toegeken wanneer ‘n leerder of oud-leerder van die skool as ambasadeur optree op buitengewone vlak vir verteenwoordiging en diensbaarheid aan die gemeenskap en skool.

Voortrekkers:

Voortrekkers word as binnekultuur aktiwiteit erken.

Prestasie kleure toegeken vir toekenning as Bobaasverkenner

Die Bobaasverkennersertifikaat word in die volgende gevalle toegeken:

- waar die Verkenner die teoretiese eksamen geslaag het, maar as gevolg van deelname aan ‘n aktiwiteit op nasionale vlak, nie die Presidentsverkenner Afrondingskamp kan bywoon nie,
- waar die Verkenner wat nie aan die voorafvereistes van die proses voldoen het nie, maar met goedkeuring wel die eksamen geskryf en geslaag het en die Presidentsverkenner afrondingskamp bygewoon het. Die meriete van elke saak sal onafhanklik hanteer word,
- in uitsonderlike gevalle, soos ernstige siekte en dood, waar die Verkenner nie die kamp kan bywoon nie, kan daar ook aansoek gedoen word.

Erekleure vir toekenning as Presidentsverkenner

Dit is ’n deurlopende proses wat die hele Verkennerloopbaan insluit en afsluit met die Presidentsverkenner Afrondingskamp, waarna die Verkenner die toekenning kan verwerf. Met hierdie proses is die Presidentsverkennertoekenning vir elke Verkenner in graad 12 beskore, mits aan die minimum vereistes voldoen word. Die Verkenner self is in beheer van die suksesvolle afhandeling van die proses. Die toekenning word op nasionale vlak deur die Hoofdagbestuur toegeken. *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

3.2 BUITEKULTUUR:

Buitekultuur-balkie:

Om in aanmerking te kom vir ‘n buitekultuur-balkie moet ‘n leerder tussen 100 en 199 buitekulturele deelname punte bereik.

*Streekswenners sal outomaties kwalifiseer vir ‘n balkie. (100 punte)

Buitekultuur meriete toekenning:

Om in aanmerking te kom vir ‘n groen balkie moet ‘n leerder deelname punte in enige **buite kulturele aktiwiteit,** bereik van tussen 200 - 499.

*Streekswenners sal outomaties kwalifiseer vir ‘n Buite kultuur meriete toekenning. (200 punte)

Buitengewone meriete toekenning vir buitekultuur:

Om in aanmerking te kom vir buitengewone meriete, moet ‘n leerder deelname punte in enige **buite kulturele aktiwiteit** bereik van 500 en hoër.

*Nasionale wenners sal outomaties kwalifiseer vir erekleure (500 punte)

Ere toekenning vir buitekultuur:

‘n Ere toekenning word slegs toegeken in buitengewone prestasies buite skoolverband in kultuur. ‘n Leerder moet dus as ‘n ambasadeur van Hoër Volkskool gesien kan word. Hierdie toekenning sal slegs deur besinning deur die skoolbestuur toegeken word.

3.3 LYS VAN TROFEË:

Junior Kultuurseun en of -dogter:

Deelname met inagneming van die volle kultuurspektrum wat bestaan uit musiek, dans, drama, kuns en redenaars met hul genres. Hierdie trofee word toegeken deur van die **punteskaal** gebruik te maak. (**Sien punteskaal in bylaag B*) ‘n Leerder moet die hoogste **gesamentlike deelnamepunt** bereik in meer as DRIE verskillende afdelings binne die spektrum. (**Sien bylaag A*). *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

Senior Kultuurseun en of dogter van die jaar:

Deelname met inagneming van die volle kultuurspektrum wat bestaan uit musiek, dans, drama, kuns en redenaars met hul genres. Hierdie trofee word toegeken deur van die **punteskaal** gebruik te maak. (**Sien punteskaal in bylaag B*) 'n Leerder moet die hoogste **gesamentlike deelnamepunt** bereik in meer as DRIE verskillende afdelings binne die spektrum. (**Sien bylaag A*). *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

Junior Redenaarstrofee:

Junior seun en of dogter redenaar wat die hoogste prestasie binne kultureel bereik het volgens deelname punteskaal. Dit geld slegs vir ATKV, Radikale Redenaars en Op-die-tong-af. *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

Cas van Tonder Redenaarstrofee:

Senior seun en of dogter redenaar wat die hoogste prestasie binne kultureel bereik het volgens deelname punteskaal. Dit geld slegs vir ATKV, Radikale Redenaars, Op-die-tong-af. *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

Lategan Junior Veelsydigheidstrofee:

Hierdie trofee word toegeken aan 'n junior seun OF dogter wat die hoogste gesamentlike gemiddeld behaal het in binne-kulturele aktiwiteite. Om hierdie trofee te ontvang moet 'n leerder aan meer as SES afdelings binne die volle kultuurspektrum op kultuurvlak deelneem (**Sien bylaag A*). *Indien daar geen leerder is wat aan die vereistes voldoen nie sal die trofee oorstaan.*

Stephan Eyssen Senior Veelsydigheidstrofee:

Hierdie trofee word toegeken aan 'n senior seun OF dogter wat die hoogste gesamentlike gemiddeld behaal het in binne-kulturele aktiwiteite. Om hierdie trofee te ontvang moet 'n leerder aan meer as SES afdelings binne die volle kultuurspektrum op kultuurvlak deelneem (**Sien bylaag A*). Indien daar geen leerder is wat aan die vereistes voldoen nie sal die trofee oorstaan.

Candice Gericke Junior Danstrofee:

Hierdie trofee word aan die senior seun en/of dogter wat die hoogste prestasie in dans behaal het toegeken. Om hierdie trofee te ontvang moet 'n leerder aan meer as DRIE dans-genres (**Sien bylaag A)* op binne-kultuurvlak presteer. Slegs die hoogste DRIE punte sal in ag geneem word. (**Sien punteskaal in bylaag B*). *Indien daar geen leerder is wat aan die vereistes voldoen nie sal die trofee oorstaan.*

**Buite-kulturele toekennings word nie hier in aanmerking geneem nie.*

Candice Gericke Senior Danstrofee:

Hierdie trofee word aan die senior seun en/of dogter wat die hoogste prestasie in dans behaal het toegeken. Om hierdie trofee te ontvang moet 'n leerder aan meer as DRIE dans-genres (**Sien bylaag A)* op binne-kultuurvlak presteer. Slegs die hoogste DRIE punte sal in ag geneem word. (**Sien punteskaal in bylaag B*). *Indien daar geen leerder is wat aan die vereistes voldoen nie sal die trofee oorstaan.*

**Buite-kulturele toekennings word nie hier in aanmerking geneem nie.*

Suzaan Jordaan Junior Sangtrofee:

Hierdie trofee word aan die junior seun of dogter wat die hoogste prestasie in sang behaal het toegeken. Die hoogste gemiddeld in DRIE sang-genres (**Sien bylaag A*) moet binne-kultureel behaal word. Slegs die DRIE hoogste punte sal in ag geneem word. Hierdie trofee word nie gekoppel aan die aantal optredes nie, maar eerder aan die kwaliteit van die optredes gelewer. Die gemiddeld sal volgens die bepuntingstelsel bepaal word (**Sien punteskaal in bylaag B*). *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

Rista Watts Senior Sangtrofee:

Hierdie trofee word aan die senior seun of dogter wat die hoogste prestasie in sang behaal het toegeken. Die hoogste gemiddeld in DRIE sang-genres (**Sien bylaag A*) moet binne-kultureel behaal word. Slegs die DRIE hoogste punte sal in ag geneem word. Hierdie trofee word nie gekoppel aan die aantal optredes nie, maar eerder aan die kwaliteit van die optredes gelewer. Die gemiddeld sal volgens die bepuntingstelsel bepaal word (**Sien punteskaal in bylaag B*). *Indien daar geen leerders is wat aan die vereiste voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

GM Strydom Junior Musiektrofee (Instrumentaal):

Hierdie trofee word toegeken aan die junior seun en of dogter wat die hoogste gemiddelde prestasie behaal in DRIE of meer genres van DRIE of meer musiekinstrumente. (**Sien bylaag A*) Hierdie trofee word slegs toegeken vir deelname aan binnekultuur.

Slegs die hoogste DRIE punte sal gebruik word. (*Sien punteskaal in bylaag B).

***Indien daar geen leerder is wat aan die nodige vereistes voldoen nie, sal die trofee oorstaan.*

LJ van Soelen Senior Musiektrofee:

Hierdie trofee word toegeken aan die junior seun en of dogter wat die hoogste gemiddelde prestasie behaal in DRIE of meer genres van DRIE of meer musiekinstrumente. (**Sien bylaag A*) Hierdie trofee word slegs erken vir deelname aan binne-kultuur.Slegs die hoogste DRIE punte sal gebruik word. (*Sien punteskaal in bylaag B).

Indien daar geen leerder is wat aan die nodige vereistes voldoen nie, sal die trofee oorstaan.

D.C.D. Junior Dramatrofee:

Hierdie trofee word toegeken aan die junior seun/dogter wat die hoogste gemiddelde prestasie in drama behaal. Slegs binne kultuur word hier in ag geneem. ‘n Leerder moet die hoogste persentasie, bereken volgens die deelname puntestelsel, in DRIE of meer drama-genres behaal. (**Sien bylaag A)*

Indien daar geen leerder is wat aan die nodige vereistes voldoen nie, sal die trofee oorstaan.

Cillie Cilliers Senior Dramatrofee:

Hierdie trofee word toegeken aan die senior seun/dogter wat die hoogste gemiddelde prestasie in drama behaal. Slegs binne kultuur word hier in ag geneem. ‘n Leerder moet die hoogste persentasie, bereken volgens die deelname puntestelsel, in DRIE of meer drama-genres behaal. (**Sien bylaag A*)

Indien daar geen leerder is wat aan die nodige vereistes voldoen nie, sal die trofee oorstaan.

4 Wysiging van beleid

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander. Hierdie beleid van HOëR VOLKSKOOL HEIDELBERG is GETEKEN TE Heidelberg OP HIERDIE ____ DAG VAN _____ 20___.

	Naam	Handtekening
Voorsitter:	_____	_____
Ondervoorsitter:	_____	_____
Skoolhoof:	_____	_____

Adjunk (1): _____ _____

Adjunk (2): _____ _____

BYLAAG A

VISIE:

Om ‘n liefde vir die uitvoerende kunste by leerders te kweek om sodoende ‘n afgeronde individu te wees in die toekoms. Leerders word sodoende aangemoedig om hulleself te beywer met aktiwiteite wat ambasadeurskap bevorder.

MISIE:

- Om erkenning te gee aan leerlinge wat beide binne en buite skoolverband op Kultuurgebied presteer.
- Om leiding te gee volgens die nodige kriteria.
- Om te dien as inligtingsinstrument ten opsigte van kriteria waaraan voldoen moet word vir die toekennings.

SAMESTELLING VAN DIE KULTUURKOMITEE:

Die doel van ‘n kultuurkomitee is om onafhanklik en onpartydige besluite te neem rondom die erkenning van deelname aan kultuuraktiwiteite.

Die pligte en doel van die kultuurkommitee is die volgende:

- Om te bepaal of ‘n leerder se deelname aan kultuuraktiwiteite aan die nodige kriteria voldoen om vir toekennings in aanmerking te kom.

VOORTREKKERS

Die doel van die Verkennerloopbaan tot by die Presidentsverkenner Afrondingskamp is die ontwikkeling van gebalanseerde jongmense wat hulself binne hul eie unieke potensiaal kan handhaaf. Hierdie proses beoog om elke Verkenner die geleentheid te gee om:

- Christelike waardes vas te lê;
- liefde vir die Afrikanergeskiedenis en - kultuur te vestig;
- positiewe Burgerskap te ontwikkel;
- tot 'n diensbare leier te ontwikkel;
- ’n wye verskeidenheid van vaardighede aan te leer en verder te ontwikkel;
- blootgestel te word aan diverse positiewe ervaringe;

- verantwoordelikheid te aanvaar vir sy totale mens ontwikkeling deur die voorgeskrewe proses na te kom;
- deur middel van deurlopende opbouende terugvoer uit hierdie proses te groei.

'n Verkenner kan net een keer in sy Verkennerloopbaan vir die teoretiese vraestel en Presidentsverkenner Afrondingskamp inskryf. Die Verkenner hoef nie noodwendig in graad 12 te wees nie, alhoewel dit sterk aanbeveel word. Die teoretiese vraestel en die Presidentsverkenner Afrondingskamp moet egter in dieselfde jaar geskied.

VERSKILLENDE ERKENDE AFDELINGS, SUB-AFDELINGS EN GENRES WAT ERKEN WORD:

Wanneer daar verwys word na die volle kultuurspektrum, word daar na die verskillende *afdelings verwys,* soos onder gelys.

AFDELINGS



SUB-AFDELINGS:



VERSKILLENDE GENRES WAT ONDER DIE TWEE SUB-AFDELINGS VAL:



Definisie van genres:

Enige stylistiese kategorie binne ‘n spesifieke afdeling wat spesifieke konvensies volg.

**’n Leerder moet ten minste ‘n gemiddelde persentasie van bo 85%, en minstens prestasie kleure behaal, om vir ‘n trofee in aanmerking geneem te word. Toekennings onder 80% word nie in ag geneem by die berekening van die veelsydigheid van ‘n leerder nie, aangesien ‘n leerder as ambasadeur van die skool, ‘n hoë standaard moet handhaaf.*

Indien daar geen leerder is wat aan die nodige vereistes voldoen nie, sal die trofee oorstaan.

Instrumentale Sub-Afdelings:

**Instrumentaal - Die bespeling van verskeie instrumente.*

Lys van aanvaarde Instrumente:

- Klavier
- Kitaar
- Viool
- Tjello
- Dromme
- Dwarsfluit

**Hierdie lys is opgestel volgens instrumente wat plaaslik aangebied / afgerig word. Indien 'n leerder 'n ander instrument bespeel met die nodige kwalifikasie en meriete sal die kommitee beslis of dit ingesluit sal word.*

Sang:

Sang as 'n sub-afdeling van musiek kan ook verdeel word in verskeie genres. (**Sien vloeidiagram*).

Drama:

Drama word in verskeie genres verdeel, naamlik:

Monoloog, prosa, poësie, mimiek, konsertprogram, tienertoneel / toneelstuk, improvisasie.

Elkeen van hierdie genres kan wel in sub-genres verdeel, maar sal onder die hoof genre bepunt word volgens die punteskaal.

Sub-genres sluit in: Klassiek, komies, dramaties, liries en tragedies, soliloquy.

****Voorbereide en onvoorbereide lees sal nie as 'n kategorie of genre beskou word nie.***

Dans:

Dans word nie in verskeie genres verdeel, naamlik:

Ballet, Jazz, Hip-Hop, Moderne-danse, kontemporêre-danse, akrobatiese-danse, "ball-room" (bal-danse), Spanse-danse, Latynse-danse, Folk / Tradisionele-danse, Tap / Klop-danse, "Energy" en "Free-style".

Kuns:

Visuele kunste word al hoe meer gewild op eisteddfods en ander kompetisies. Daarom word dit by hierdie toekenning ingereken.

Alhoewel daar verskeie genres onder kuns gelys kan word sal kuns as ‘n geheel-entiteid beskou word.

Redenaars:

Redenaars word volgens dieselfde punteskaal beoordeel. Alhoewel daar twee afdelings is nl. Voorbereid en onvoorbereid, sal dit steeds beoordeel word volgens die punteskaal. (*Sien bl.10)

Modelwerk:

Modelwerk val nie onder dieselfde afdeling as die kunste nie, maar word in dieselfde kriteria bepunt as die res van die kunste.

Modelwerk kan ook in genres verdeel word:

“Spokes-model” / gesproke-model, “runway” / loopplank-model, “pagent” / skoumodel, swemklere en fotografiese model.

BYLAAG B

PUNTESTELSEL / -SKAAL

Alle kultuuraktiwiteite word volgens hierdie stelsel bepunt, ongeag die instansie waaraan die leerder deelneem. Hierdie is dus die standaard waarvolgens die prestasies van die leerders gemeet word.

BINNE KULTUUR:

(Slegs van toepassing op kultuuraktiwiteite waarmee die skool geaffilieer is).

Prestasie toekenning A:	**Simbool:**	**Persentasie:**	**Deelname punt:**
Deelname	Geen	Geen	2
Brons / 3de plek	C	60 – 69%	4
(Slegs wanneer van toepassing)	C+	60 – 69 %	4
Silwer / 2de plek	B	70 – 79%	6
(Slegs wanneer van toepassing)	B+	70 – 79%	6
Goud / 1ste plek	A	80 – 84%	10
Goue sertifikaat	A+	85 – 89%	
Diploma / Prestige	A++	90 – 94%	12
Prestige / Ambassadeurstoekenning	A+++	95 – 100%	14
Medalje wenner			20

Prestasie toekenning A:	Simbool:	Persentasie:	Deelname punt:
Trofeewenner / Algehele wenner / Hoogste punt behaal			25

NOTA:
Streeks-, provinsiale-, nasionale- en of internasionaledeelname sal volgens die vermenigvuldiging van bogenoemde kriteria beoordeel, soos onder gelys. Indien daar wenners in hierdie delname is sal die volgende deelname punte outomaties in werking tree.

Prestasie toekenning B: Streeks	Simbool:	Persentasie:	Deelname punt:
Deelname	Geen	Geen	4
Brons / 3de plek	C	60 – 69%	8
(Slegs wanneer van toepassing)	C+	60 – 69 %	8
Silwer / 2de plek	B	70 – 79%	12
(Slegs wanneer van toepassing)	B+	70 – 79%	12
Goud / 1ste plek	A	80 – 84%	16
Goue sertifikaat	A+	85 – 89%	20
Diploma / Prestige	A++	90 – 94%	24
Ander (Ambassadeurstoekenning)	A+++	95 – 100%	30

Prestasie toekenning B: Streeks	**Simbool:**	**Persentasie:**	**Deelname punt:**
Medalje wenner			40
Trofeewenner / Algehele wenner / Hoogste punt behaal			50
Prestasie toekenning:		**Skooltoekenning:**	
Streekswenner		**Balkie**	100
Profinsiale wenner		**Prestasiekleure**	200
Nasionale wenner		**Erekleure**	500 en hoër
Internasionale wenner	500 en hoër met inagname van besluit geneem deur skoolbestuur.	**Erepenning indien dit deur die skoolbestuur geëwalueer is en genoeg meriete dra.**	

NOTA:

- Indien leerders in ‘n groep deelneem word dit steeds met dieselfde puntestelsel verwerk.
- Die doel is om ‘n totaal van 500 deelname punte te akumuleer oor ‘n tydperk van VYF jaar.

BUITEKULTUUR:

*(Slegs van toepassing op buite-kulturele prestasies behaal by instansies wat NIE met die skool geaffilieer is nie. *Sien lys van buite-kulturele instansies wat deur die skool erken word. Enige ander instansie sal eers deur die bestuur geëwalieër word).*

*Enige prestasie laer as ‘n C simbool (Brons / 60 – 69%) sal slegs as deelname in ag geneem word.

Prestasie toekenning:	**Simbool:**	**Persentasie:**	**Deelname punt:**
Deelname	Geen	Geen	2
Brons / 3de plek	C	60 – 69%	4
(Slegs wanneer van toepassing)	C+	60 – 69%	4
Silwer / 2de plek	B	70 – 79%	6
(Slegs wanneer van toepassing)	B+	70 – 79%	6
Goud / 1ste plek	A	80 – 84%	8
Goue sertifikaat	A+	85 – 89%	10
Diploma / Prestige	A++	90 – 100%	12
Itemwenner			16
Fasewenner			18
Medalje wenner			20

Prestasie toekenning:	Simbool:	Persentasie:	Deelname punt:
Trofeewenner / Algehele wenner / Hoogste punt behaal			25

NOTA:

Streeks-, provinsiale-, nasionale- en of internasionaledeelname sal volgens dieselfde puntestelsel bepunt word. Indien daar wenners in hierdie deelname is sal die volgende deelname-punte outomaties in werking tree.

Prestasie toekenning:	Deelname punt:	Skooltoekenning:
Streekswenner	100	**Balkie (Buite Kultuur)**
Profinsiale wenner	200	**Meriete (Buite Kultuur)**
Nasionale wenner	500 en hoër	**Buitengewone Meriete (Buite Kultuur)**
Internasionale wenner	500 en hoër met inagname van besluit geneem deur skoolbestuur.	**Ere toekenning vir Buite Kultuur indien dit deur die skoolbestuur geëvalueer is en genoeg meriete dra.**

NOTA:

- Indien leerders in ‘n groep deelneem word dit steeds met dieselfde puntestelsel verwerk.
- Die doel is om ‘n totaal van 500 deelname punte te akumuleer oor ‘n tydperk van VYF jaar.

BYLAAG C

EKSAMENS EN ANDER EKSTERNE KWALIFIKASIES:

**Graad 3 tot 5 word volgens hierdie punteskaal uitgewerk.*

Instansie:	**Prestasie:**	**Simbool**	**Persentasie behaal:**	**Deelname punt:**
UNISA	Slaag	C	40 - 59%	50
	Slaag met meriete	B	60 - 75%	80
	Slaag met lof	A – A+	75 – 80% (en hoër)	100
TRINITY	Slaag	C	50 – 65%	50
	Slaag met meriete	B	65 – 75%	80
	Slaag met lof	A – A+	75 – 80% (en hoër)	100
ABRSM	Slaag	C	40 - 59%	50
	Slaag met meriete	B	60 -75%	80
	Slaag met lof	A – A+	75 – 80% (En hoër)	100

Instansie:	Prestasie:	Simbool	Persentasie behaal:	Deelname punt:
DASA	Slaag	C	40 – 59%	50
	Slaag met meriete	B	60 -79%	80
	Slaag met lof	A – A+	80% en op	100
AFDA	Slaag	C	40 – 59%	50
	Slaag met meriete	B	60 – 79%	80
	Slaag met lof	A – A+	80% en op	100

NOTA:

Indien ‘n leerder graad 5 tot Lisensiaat bereik, is dit reeds op universiteitstandaard en word die leerder outomaties in ag geneem vir Buite Kultuur balkies, meriete- en buitengewone meriete toekennings.

Graad / Kwalifikasie:	Deelname punt:	Skooltoekenning:
Graad 5	100	Buitekultuur-balkie
Graad 6	200	Meriete-toekenning (buite kultuur)
Graad 7	300	Buitengewone meriete (buite kultuur)

Graad / Kwalifikasie:	Deelname punt:	Skooltoekenning:
Graad 8	400	Ere toekenning (buite kultuur)
Lisensiaat (“Teachers”)	500	